higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIEREPRODUKSIE
NKR VLAK 2

(1011022)

15 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

178Q1N2415

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
DIEREPRODUKSIE
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 In lewende organismes word proteïenmolekules in … afgebreek vir respirasie.

A vetsure
B glukose
C aminosure
D vitamiene

1.2 Die chemiese stof wat spiere styf en seer laat voel ná fisiese oefening, word … genoem.

A fermentasie
B spysvertering
C uriensuur
D melksuur

1.3 Die epidermis bestaan uit selle wat funksioneel dood is en bestaan uit ’n proteïen genaamd …

A die laag van Malpighi.
B keratien.
C melanien.
D basaal.

1.4 Die eksterne parasiete in pluimvee wat klein en sonder vlerke is en van die bloed van die gashere leef:

A Huise
B Tsetsevlieë
C Myte
D Muskiete

1.5 ’n Voortplantingsgedrag wat by bokramme noodsaaklik is omdat dit bokke in staat stel om oorheersing te bewerkstellig en met die bokooie te paar, word … genoem.

A ejakulasie
B bullery ('bulling')
C bluffery ('bluffing')
D bronstyd ('rutting')

Kopiereg voorbehou

1.6 Sybokhaar word deur die …-bok gelewer.

A karakoel
B angora
C merino
D Corriedale

1.7 'n … is 'n dier wat gras vreet.

A Swerwer
B Weidier
C Omnivoor
D Karnivoor

1.8 'n Algemene vreetprobleem wat voorkom wanneer gasse in die grootpens opbou en ongemak, pyn en moontlik lewensgevaarlike komplikasies veroorsaak, word … genoem.

A asidose
B pulpnier
C buikswelling
D stuiptrekkings

1.9 'n Gesondheidsorgmetode vir melkbokke om die risiko van kontaminasie te verminder en skoon, beter melkkwaliteit te verseker:

A Skeerdery ('Shearing')
B Inenting
C Stroping ('Stripping')
D Knippery ('Trimming')

1.10 Die proses waardeur die bevrugte eier aan die wande van die uterus heg, staan bekend as …

A inplanting.
B dragtigheid.
C bevrugting.
D bronstigheid.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Pluimvee wat deur hoenderbosluise aangetas is, kan met malation, carbaryl of coumaphos behandel word.

2.2 Weeluise veroorsaak dat hoenders so jeuk dat hulle geneig is om hul vere uit te trek.

2.3 Pluimveehokke moenie skoongemaak word wanneer die voëls verwyder word vir verwerking in die abattoir of om as lewende voëls verkoop te word nie.

2.4 Om van dooie voëls ontslae te raak, moet boere ’n baie diep put grou om die dooie voëls te begrawe om te verhoed dat wildevoëls en honde die besmette karkasse eet.

2.5 Krultoonverlamming ('Curled-toe paralysis') is ’n voedingsiekte wat deur die gebrek aan vitamien B12 veroorsaak word.

2.6 Skilderbokke word vir vleis aangehou en beskik oor goeie versterking, vinnige groei en vrugbaarheid, en het wit, kort hare en rooi merke op die kop en nek.

2.7 Die Suid-Afrikaanse boerbok is ’n goeie melkproduserende ras.

2.8 Die Alpebok is ’n gewilde melkras wat groot hoeveelhede melk produseer – tot drie liter per dag.

2.9 Lammery ('Kidding') is die proses waardeur ’n pasgebore boklammetjie van hul ma weggeneem word en melk en vaste kos gegee word.

2.10 Bokke en skape staan ook bekend as klein herkouers of kleinvee.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Monogastries	A	Is ’n hormoon wat deur die pituïtêre klier vervaardig word en verantwoordelik is vir die groei en ryping van die follikels in die eierstokke, wat tot eierproduksie lei
3.2	Skrotum	B	Simptome sluit in skuim in die mond, konstante koubewegings, koors en swaar asemhaling
3.3	Eierstokke	C	Voere met hoë-energie-inhoud en voedingstowwe en lae veselinhoud
3.4	Follikelstimulerende	D	Diere met ’n enkele maagkamer
3.5	Hormoon	E	Die praktyk om ’n bok tot ’n vaste punt te beperk deur ’n tou of ketting te gebruik om hul beweging te beperk
3.6	Konsentrate	F	’n Sakagtige struktuur wat onder die penis geleë is en die testikels hou
3.7	Oorplaatjies	G	Word vir identifisering in diere gebruik
3.8	Hartwater	H	Twee klein ovaalvormige organe wat aan beide kante van die uterus geheg is
3.9	Dosering	I	Die proses om vloeibare medikasie of aanvullings vir ’n bok te gee
3.10	Brucella melitensis	J	Om ’n dier in te spuit teen siektes
		K	’n Bakterie wat aborsie by bokke veroorsaak
		L	’n Siekte wat die ophoping van water om ’n dier se hart veroorsaak
		M	Inflammasie van die melkkliere van bokke
		N	Produseer sperms in mannetjiesdiere
		O	Diere met vier maagkamers

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Noem SES faktore wat nodig is vir die groei en ontwikkeling van hoenderbene. (6 × 1) (6)

4.2 Noem die hooffunksies van die groot bloedsomloop in 'n dier se liggaam. (8 × 1) (8)


4.3 Noem die DRIE tipes bloedselle en hul funksies. (3 × 2) (6)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



5.1.1 Benoem die dele wat A–J gemerk is. (10)

5.1.2 Gee die TWEE funksies van die deel wat B genoem is. (2 × 2) (4)

5.1.3 Gee die TWEE funksies van die deel wat G genoem is. (2 × 2) (4)

5.1.4 Gee die TWEE funksies van die deel wat D genoem is. (2 × 2) (4)

5.2 Hoenders (Haantjies) het nie ’n penis nie, maar paring en bevrugting kan steeds plaasvind.

Verduidelik die anatomiese en gedragsaanpassings wat suksesvolle paring en bevrugting by hoenders moontlik maak. (4 × 2) (8)
[30]



VRAAG 6

6.1 Noem VIER pluimveerasse wat bedoel is vir bruineierproduksie. (4 × 1) (4)

6.2 Noem DRIE faktore wat die kwaliteit van dag-oue kuikens beïnvloed. (3 × 2) (6)

6.3 Gee VIER voordele daarvan om pluimvee in ’n batteryhokstelsel te hou. (4 × 1) (4)

6.4 Skoon water speel ’n kritieke rol in pluimveeproduksie.

Bespreek die noodsaaklikheid van skoon water in pluimveeproduksie. (6 × 1) (6)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C



VRAAG 7

7.1 Lys VIER algemene melkbokrasse. (4 × 1) (4)

7.2 Hoekom verkies die meeste bokboere om die Alpemelkras aan te hou? (8 × 1) (8)

7.3 Vrotpootjie, wat ook vrothoef of oordraagbare vrotpootjie genoem word, is ’n algemene siekte wat bokke aantas.

Verduidelik hoe ’n boer vrotpootjie onder hul diere kan beheer en voorkom. (8 × 1) (8)

7.4 Bespreek die higiëniese praktyke wat nodig is om siektes by bokke en mense op die plaas te voorkom. (10)
[30]



VRAAG 8

8.1 Onderskei tussen die volgende terme soos dit in bokboerdery gebruik word:

8.1.1 *Bestaansboerdery* en *boerdery op groot skaal* (4)

8.1.2 *Intensiewe boerdery* en *semi-intensiewe boerdery* (4)

8.2 Verduidelik die betekenis van die volgende terme:

8.2.1 Biosekuriteit

8.2.2 Inenting

8.2.3 Opblaas (‘Bloat’)

(3 × 2) (6)

8.3 Verduidelik die toepaslike maniere om melkbokke tydens melkery te hanteer.

(6 × 1) (6)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 50
GROOTTOTAAL: 150